e-Nuwe Horison

Jesaja 58:8

*"Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees."*

**19 Julie 2020**

**DIE WAGKAMER**

**Skrif: Ps 27:14**

**1953**

Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!"

**KJV**

Wait on the LORD: Be of good courage, and he shall strengthen thine heart: wait, I say, on the LORD.

**TPT**

14Here's what I've learned through it all: Don't give up; don't be impatient; be entwined as one with the Lord *("wait upon the Lord")* Be brave and courageous, and never lose hope. Yes, keep on waiting—for he will never disappoint you!

**1. Wat beteken dit om op God te wag?**

**Hand 1:7**

**1953**

En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;

**KJV**

And he said unto them, It is not for you to know the times or the seasons, which the Father hath put in his own power.

**TPT**

He answered, "The Father is the one who sets the fixed dates and the times of their fulfillment. You are not permitted to know the timing of all that he has prepared by his own authority.

*God was al in môre, Hy weet wat môre gaan gebeur. My besluite wat ek vandag neem het impak op môre.*

*Ek moet wag sodat die keuses wat ek maak God se keuses vir my is. Indien ek die verkeerde keuse maak is ek nie op die pad wat die Here vir my voorberei het nie.*

- *God wil hê ons moet leer om te Volhard & op Hom te vertrou*
- *Ek kan nie vir die Here besluit nie.*
- *God se tyd is perfek.*
- *God kan vir my gee wat ek wil hê maar dan kan hy maarte in my stuur.*
- *Hebreeuse woord vir "wag" is: "qavah", wat beteken "to collect" of "to expect" of "om ineengestrengel te wees in". Maw ons moet God op so 'n wyse in ons lewens verwag.*
- *Die uitdaging vir ons is om te wag op die vervulling van al Sy beloftes in Sy Woord vir ons.*

## 2. <u>Kan ek God se horlosie vertrou?</u>

**Joh 11:32**

**1953**

En toe Maria kom waar Jesus was en Hom sien, val sy aan sy voete neer en sê vir Hom: Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie.

**KJV**

Then when Mary was come where Jesus was, and saw him, she fell down at his feet, saying unto him, Lord, if thou hadst been here, my brother had not died.

**TPT**

When Mary finally found Jesus outside the village, she fell at his feet in tears and said, “Lord, if only you had been here, my brother would not have died.”

- *God se tyd is perfek. God, wil hê dat ons sal leer om op Hom te wag, sodat Hy op SY TYD, SY WIL vir ons lewens aan ons kan uitwys. Sodat God die eer kry! Nie ons nie.*

**Joh 11:40-42**

**1953**

40Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?

41Hulle neem toe die steen weg waar die oorledene lê. En Jesus het sy oë opgeslaan en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het;

42en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar ter wille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.

**KJV**

40Jesus saith unto her, Said I not unto thee, that, if thou wouldest believe, thou shouldest see the glory of God?

41Then they took away the stone *from the place* where the dead was laid. And Jesus lifted up *his* eyes, and said, Father, I thank thee that thou hast heard me.

42And I knew that thou hearest me always: but because of the people which stand by I said *it*, that they may believe that thou hast sent me.

**TPT**

40Jesus looked at her and said, “Didn’t I tell you that if you will believe in me, you will see God unveil his power?”

41So they rolled away the heavy stone. Jesus gazed into heaven and said, “Father, thank you that you have heard my prayer,

42for you listen to every word I speak. Now, so that these who stand here with me will believe that you have sent me to the earth as your messenger, *I will use the power you have given me.*”

- *Vers 42 bevestig dit!!*

## 3. <u>Wat kan ons by die saaiboer leer om te wag?</u>

**Jak 5:7**

**1953**

WEES dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het.

**KJV**

Be patient therefore, brethren, unto the coming of the Lord. Behold, the husbandman waiteth for the precious fruit of the earth, and hath long patience for it, until he receive the early and latter rain.

**TPT**

Meanwhile, brothers and sisters, we must be patient and filled with expectation as we wait for the appearing of the Lord. Think about the farmer who has to patiently wait for the earth's harvest as it ripens because of the early and latter rains.

**TPT vertaal in AFRIKAANS**

Intussen, broers en susters, moet ons geduldig en gevul met verwagting wees terwyl ons wag vir die verskyning *(Dit is die abstrakte Griekse woord parousia wat "aankoms, teenwoordigheid, manifesteer word, verskyning" kan beteken. Parousia is geneem uit die huidige deelwoord pareina 'n saamgestelde woord van para (langs) en einai (om gesien te word, sigbaar gemaak). het min te doen met afstand of ruimte, maar met sigbaar word, soos om te ontbloot of te openbaar wat naby is. Dit word algemeen gebruik vir die wederkoms van ons Here Jesus Christus)* van die Here. Dink aan die boer wat geduldig moet wag vir die aarde se oes terwyl dit ryp word as gevolg van die vroeë en laat reën.

- *Ons wag in geloof, Ons wag geduldig, Ons wag nie passief nie, Ons wag in die Woord vir die Woord*

  *Wanneer die boer die wind bly dophou, saai nie, wie na die wolke bly kyk, oes nie. Enige mens wat in enige saak wag dat al die faktore eers positief moet wees en sukses feitlik eers gewaarborg moet wees voordat hy/sy 'n saak aanpak, gaan nooit aan die werk kom nie en daarom nooit iets bereik nie. Hoekom nie? Omdat daar in hierdie gebroke en onvolmaakte wêreld waarin ons lewe, altyd faktore gaan wees wat nie reg is; - jy gaan in hierdie wêreld altyd dinge sien of voor-sien wat jou onderneming in die wiele kan ry; - jy gaan nooit in 'n stukkende wêreld die perfekte omstandighede vir enige onderneming kry nie; - en daarom gaan jy, as jy wag vir die ideale omstandighede, nooit aan die gang kom nie.*

  *Die boer wat verby die wind en wolke kyk en na God kyk en weet dat God, wat wind en wolke so beheer dat 'n mens dit nooit regtig kan voorspel en kan bereken nie. - God, wat teen alle berekenings en vooruitskouings in, wind en wolke enige oomblik kan verander: Hy kan 'n wind, wat nou verkeerd waai, vyf minute van nou af, of máre, of oormáre heeltemal anders laat waai; - God, wat 'n goeie oes kan gee, selfs al is wind en wolke eintlik nie reg nie, of wat 'n oes kan laat misluk, selfs al was wind en wolke 100% reg! Dis 'n fout om net na wind en wolke te kyk as saaityd aanbreek, want dis nie wind en wolke*
- *Ons word aan ons vrugte geken. Wag totdat ons vrugte dra en kyk watse vrugte ons dra.*

**4. <u>In die wagkamer, wat moet ons doen?</u>**

**1 Pet 5:6**

**1953**

Verneder julle dan onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.

**KJV**

Humble yourselves therefore under the mighty hand of God, that he may exalt you in due time:

**TPT**

If you bow low in God's awesome presence, he will eventually exalt you as you leave the timing in his hands.

- *Ons voel soms lus om alles oor te gee. Ons moet nie toelaat dat die wêreld ons verlei, oor wie ons werklik is nie. Ons behoort aan 'n God van liefde en genade. Ons is gebore met 'n doel! En om daai doel te kan lewe moet ons 'n besluit neem waar ons wil wees.*

**Heb 4:16**

**1953**

Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

**KJV**

So now we draw near freely and boldly to where grace is enthroned, to receive mercy’s kiss and discover the grace we urgently need to strengthen us in our time of weakness.

**TPT**

So now we draw near freely and boldly to where grace is enthroned, to receive mercy’s kiss and discover the grace we urgently need to strengthen us in our time of weakness.

- *Die Here is opgewonde om tyd met jou te spandeer. Hy nooi jou uit om Hom met vrymoedigheid te nader en by Sy voete te sit en tyd met Hom te spandeer. Daar is geen voorwaardes nie as om net jouself te wees en toe te laat dat Hy jou vol maak met Sy barmhartigheid en genade, sodat jy in Sy krag enige situasie kan aanpak wat hierdie jaar voorlê.*

**Gal 6:9**

**1953**

En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.

**KJV**

And let us not be weary in well doing: for in due season we shall reap, if we faint not.

**TPT**

And don’t allow yourselves to be weary in planting good seeds, for the season of reaping the wonderful harvest you’ve planted is coming!

- *Soos wat die tyd aanstap en ons elke dag dieselfde oor en oor doen raak ons moeg om dit te doen. Dit begin ons verveel. Wanneer ons goed doen inspireer dit ander om alles wat lieflik, beeldskoon en prysenswaardig is te omhels. Wanneer ons die regte dinge en die goeie dinge doen inspireer dit ander om dieselfde te doen*
- *Paulus praat met ons oor ons Christelike roeping. As Christene, wat is ons roeping? Waarvoor het die Here ons spesiaal geroep? Dit is “om goed te doen”. Elkeen van ons word geroep om goed te doen. Dit is waar die Christelike lewe alles oor gaan. Ons as Christene is nie net gelowiges nie; ons is ook doeners.*

**Belofte**

**<u>Hab 2:3</u>**

**1953**

Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie:

**KJV**

For the vision *is* yet for an appointed time, but at the end it shall speak, and not lie: though it tarry, wait for it; because it will surely come, it will not tarry.

*‘n Bybelse wag is nie passief nie, soos wanneer mens wag vir ‘n trein om te kom nie. Dit is ‘n aktiewe, aggressiewe soort wag. So, hoe wag ons vir die Here op ‘n manier wat Hom vereer, maar ons met hoop vul en ons krag gee om voort te gaan selfs wanneer ons voel dat ons in die donker is?*

1. *Om te hoop en te vertrou in die Here vereis egter geloof, geduld, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid en volharding tot die einde toe.*
2. *Dit is moeilik om te wag vir die Here om verligting te bring. Rus. Vrede. Vreugde. Almal van ons het iets wat ons op die Here voor wag om te doen. Sommige wag vir ’n lewensmaat. Andere wag weer om swanger te word, of om ‘n dwalende kind te red, of om ‘n eens pragtige, maar nou verbrokkelde verhouding te herstel.*
3. *Abraham het gewag vir ‘n seun, Josef het gewag vir verlossing. Dawid het gewag om koning te word, Israel het gewag vir ‘n Messias, en ons wag almal op die terugkeer van die Leeu van Juda.*
4. *So het die profeet Miga dit uitgeroep in Miga 7:7: “Maar ek sal uitsien na die Here, ek wil wag op die God van my heil, my God sal my hoor.”*
5. *Maar dan moet ons GEHOORSAAM wees aan Sy Woord. Ons moet Sy Woord letterlik begin opneem en begin DOEN wat Hy vir ons in Sy Woord sê hieroor. Ons moet LEER OM TE WAG sodat Hy vir ons kan wys wat Sy doel met ons lewens is, nie wat ONS wil hê vir ons lewens nie.*
6. *Maar wat doen die “vader van die leuen”, satan, met die wêreld, as ons net om ons rondkyk? ALLES, word net al hoe vinniger – die lewe, die tegnologie, ons lewenstyl, ons werksprogramme, ensomeer. Alles word ontwikkel en daarop ingestel om dinge VINNIGER te laat gebeur. Die probleem lê egter daarin dat, soos wat ons gewoond raak aan alles wat so vinnig gebeur óm ons, verleer ons wat dit is om te WAG. Ons raak gefrustreerd as ons in ‘n ry moet staan, so dis vinniger as ek my inkopies via die internet doen. Ons raak gefrustreerd as die rooi lig nie vinnig genoeg groen slaan nie, ons raak gefrustreerd as die predikant dit waag om ‘n minuut langer as sy “toegelate” een uur te preek. (Terwyl ons vergeet dat Jesus by geleenthede dae lank gepreek het sonder dat enigiemand gekla het! maar hulle het iets baie bétér gehad – ‘n persoonlike verhouding met die lewende Jesus Christus! En dit is ook vir ons beskore. As ons net wil ophou kyk na die struktuur, na die kerk, na die program, na die tydskedule, en slegs na HOM begin dors!*
7. *En wat sê God? Hy wil sedert die begin van tyd stééds hê ons moet leer om te wag, om te volhard. En ons weet nie meer hoe nie. Daarom raak ek ook vinnig gefrustreerd met God omdat Hy nie die dinge om ons laat gebeur so gou as wat EK wil hê Hy dit moet doen nie. En NET DAAR lê satan se wapen, wat hy gebruik om die verhouding tussen my en God te skaad.*
8. *Nee, ons moet weer leer om REGTIG op God te wag, soos Hy dit van ons verwag. Slegs dan kan Hy begin om ons te seën soos Hy ons wil seën. Maar sien, ons is ons eie grootste vyand en ons seëninge se eie beperking.*